SIMBRA Veilingsreëls
SIMBRA Auction Rules

= Jou Simbra Waarborg

1. VEILINGS / *AUCTIONS*

1.1. Reëls */ Rules*

1.1.1. Alle Simbra bulle wat op ’n veilingskatalogus verskyn moet ’n vaderskap bevestiging en DNS op profiel verskyn. Indien ’n dier nie vaderskap en DNS het nie mag die dier nie op die katalogus verskyn nie – Simbra Telersvergadering 6 September 2016.
All Simbra bulls appearing in an auction catalogue must have DNA and sire verification on profile. If an animal does not have DNA and sire verification, the animal may not appear in the catalogue - Simbra Breeders' Meeting 6 September 2016.

1.1.2. Alle veilings vanaf 1 Januarie 2018 is verpligtend om onder die reëls van die Genootskap gehou te word en moet vooraf veilings-screening ontvang. Die screening sal deur die Beskermheer in diens van die Genootskap, Senior Beoordelaar of Ras eksaminator behartig word – dit wil sê ’n onafhanklike persoon – Telersvergadering 6 September 2017.
All auctions as of 1 January 2018 are compulsory to be held under the rules of the Society and must be pre-auctioned (‘screened’). The screening will be conducted by the Guardian in the employ of the Society, Senior Judge or Breed Examiner - i.e. an independent person - Breeder's meeting 6 September 2017.

1.1.3. Koste van Beskermheer
Cost of Guardian
1.1.3.1. R1000 per dag PLUS Reiskoste
R1000 per day PLUS Travel Cost

1.1.4. Ouderdom van bulle vir verkoop op veiling: Simbra = 22 maande – Raadsvergadering 25 Junie 2015.
Age of bulls for sale on auction: Simbra = 22 months - Board meeting 25 June 2015.

1.1.5. Die brandmerk is verpligtend en alle Simbra bulle gebore in 2012 wat keuring slaag moet met die nuwe brandmerk op die linker blad gebrand word vanaf 1 Januarie 2015 – Raadsvergadering 2 September 2014 & Telersvergadering 3 September 2014. Weer bevestig tydens Telersvergadering 6 September 2016 (alle goedgekeurde en dus geregistreerde Simbra bulle gebore in 2013 en daarna moet die verpligte Simbra brandmerk dra).
The brand is compulsory and all Simbra bulls born in 2012 who passed inspection must be branded with this brand on the left side from January 1, 2015 - Board meeting 2 September 2014 & Breeder's meeting 3 September 2014. Re-confirmed at Breeders’ meeting 6 September 2016 (all approved and thus registered Simbra bulls born in 2013 and afterwards must wear the obligatory Simbra brand).

1.1.6. Veilingspamflet is onderhewig aan die goedkeuring van die Simbra Raad alvorens dit op sosiale media en webtuiste gepubliseer mag word.
Auction pamphlet is subject to approval by the Simbra Council before it may be published on social media and website.

SIMBRA Veilingsreëls
SIMBRA Auction Rules

= Jou Simbra Waarborg

1.2. Produksie & Nasionale Veiling / *Production & National Auction*

1. Die verkoper moet by ondertekening van hierdie veilings reëls skriftelik bewys indien dat sy veilingsdiere binne 60 dae voor die veiling skoon getoets is vir TB en BM, of 'n CA3 sertifikaat /veeartssertifikaat indien wat spesifiseer dat al sy diere skoon getoets is binne die laaste twaalf maande. **Geen veilings sal aanvaar word sonder hierdie sertifikate nie.**
2. Diere ouer as 'n jaar (op veilingsdag) sal as 'n geregistreerde dier in die katalogus aangebied word en die registrasiesertifikaat sal oorgedra word na die koper op die verkoper se koste.
3. Diere onder 1 jaar* is opgeneem as kalfboek en hul amptelike kalfboeksertifikaat sal aan die koper oorgedra word op die verkoper se koste. Lede van die Genootskap kan hierdie diere tussen 1 en 3 jarige ouderdom aanbied vir volle registrasie in die Kuddeboek.
4. Die verkoper het die volgende ''Verkopers -sertifisering'' onderteken en ingedien :
   - 4.1. dat die diere wat aangebied word getatoeëer en gekontroleer is, en dat dit ooreenstem met dié van die sertifikate. Indien die koper binne 30 dae na die veiling bewys kan lewer dat die dier nie getatoeëer is of verkeerdelik getatoeëer is, sal waarborg 6 van toepassing wees.
   - 4.2. dat alle bulle ouer as 365 dae*, nie langer as 30 dae voor die veiling (i) deur 'n veearts as vrugbaar gesertifiseer is OF (ii) die bulle se semen deur 'n geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as vrugbaar gesertifiseer is, **motiliteit, morfologie en skrotum omvang moet geëvalueer word en op die verslag gespesifiseer word** en dit deur die verkoper gewaarborg word tot 7 kalender dae na die veilingsdatum. **(SLEGS VOORGESKREWE VEEARTSENY DOKUMENT – BL 10 WORD AANVAAR)** Vrugbaarheidssertifisering moet met navraag by die verkoper beskikbaar wees tot 1 jaar na die veilingsdatum. Indien die koper binne 7 dae na die veiling 'n veeartssertifikaat voorlê wat die teendeel bewys sal waarborg 6 van toepassing wees.
   - 4.3. enige waarborge aangaande die bevriesing van semen sal gemaak word deur 'n aparte ooreenkoms tussen die koper en verkoper.
   - 4.4. dat alle bulle skoon getoets is vir Trichomoniase en Vibriose.
   - 4.5. dat alle vaars van kalwers wat nog nie by Genootskap op rekord is nie, en bulle waarvan koeie dragtig is, asook semen, 'n DNA sertifikaat/verslag op rekord het en dat die bulle gekeur is.
   - 4.6. dat diere wat as dragtig aangebied word, **deur 'n veearts as dragtig gesertifiseer is** en sodanige sertifisering met navraag by die verkoper beskikbaar is tot 1 jaar na die veilingsdatum.
   - 4.7. Diere wat in een van hierdie 3 dele van die Katalogus verskyn, moet aan die volgende reëls voldoen:
     - 4.7.1. **Eerste deel van Katalogus is GEREGISTREERDE SIMBRAS.**
       (1) Oop verse mag slegs aangebied word tot op ouderdom 30 maande.
       (2) 'n Dragtige vers wat aangebied word, moet voor of op 39 maande kalf.
       (3) 'n Koei sonder kalf aan voet moet dragtig gesertifiseer wees, en die verwagte kalfdatum mag nie later as 18 maande na haar laaste kalfdatum wees nie, **en** so 'n koei mag nie vir langer as 18 maande "oop" gewees het tussen kalwings nie.
       (4) Cum diere moet ten minste twee of meer kalwings na registrasie gehad het, en indien sonder kalf aan voet moet dragtig gesertifiseer wees, en die verwagte kalfdatum mag nie later as 18 maande na haar laaste kalfdatum wees nie, en so 'n koei mag nie vir langer as 18 maande "oop" gewees het tussen kalwings nie.
       (5) Eiselskenkers - Moet dragtig wees binne 18 maande sedert laaste spoeldatum.
       (6) Simbra bulle moet 'n geboortegewig teelwaarde en 200 dae gewig hê, ten tye van saamstel van katalogus.
       (7) Simbra bulle sonder DNA en Vaderskapbevestiging op rekord sal nie in die katalogus publiseer word nie.
       (8) Simbra bulle se ouderdom in katalogus moet 22 maande en ouer wees;
       (9) 'n Minimum van 100% van die aanbod onder die afdeling moet in terme van bostaande reëls kwalifiseer.
     - 4.7.2. **Tweede deel van Katalogus is CUM SIMBRA VERSE:**
       (1) Teler/verkoper moet die geboortedatum van die dier bevestig het.
       (2) Oop CUM verse mag slegs aangebied word tot op ouderdom 30 maande.
       (3) 'n Dragtige CUM vers wat aangebied word, moet voor of op 39 maande kalf.
     - 4.7.3. **Derde deel van katalogus bestaan uit SIMBRA TIPE:**
       (1) Simbra Tipe diere wat nie voldoen aan bostaande twee afdelings nie, kan hier verkoop word.
       (2) Diere wat onder hierdie afdeling verkoop word, moet duidelik gemerk en getatoeëer word met die verkoper se kuddeletters, jaar van geboorte en unieke volgnommer.
   - 4.8. Indien hierdie dragtig gesertifiseerde diere binne 48 uur na die veiling as nie-dragtig deur 'n veearts gesertifiseer word, sal waarborg 6 van toepassing wees.
5. As 'n vroulike dier as "oop" of "nie-dragtig" verkoop word en binne 30 dae na die veiling as dragtig deur 'n veearts gesertifiseer word, sal waarborg 6 van toepassing wees.
6. Indien die nodige bewyse binne die betrokke periode skriftelik aan die verkoper voorsien word, sal die verkoper, met die keuse van die koper, enige dier soos hierbo onder 4.1, 4.2, 4.4, 4.5 en 5 beskryf, vervang met ander diere van gelyke waarde of die aankoopprys terugbetaal.

* = ouderdom dag van veiling.

DIE RAAD EN PERSONEEL VAN DIE SIMMENTALER/SIMBRA BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SUIDELIKE AFRIKA WORD GEVRYWAAR TEEN ENIGE EISE VAN KOPERS WAT MAG VOORTVLOEI UIT VERKOPE OP HIERDIE VEILING. DIE SIMMENTALER/SIMBRA BEESTELERSGENOOTSKAP WORD GEVRYWAAR TEEN ENIGE SKADE WAT ONS OF ENIGE DERDE PARTY MAG LEI AS GEVOLG VAN ONVEILIGE OF DEFEKTIEWE PRODUKTE WAT DEUR HULLE GELEWER IS.

SIMBRA Veilingsreëls
SIMBRA Auction Rules

= Jou Simbra Waarborg

1. *When signing these sale rules, the seller has to provide written proof that his herd has tested clean of BM within the previous 12 months and within the previous 24 months tested clean for TB.* ***No sale animals will be accepted without these certificates.***
2. *Screened animals older than 12 months (on date of sale) will be presented in the catalogue as a registered animal and the registration certificate will be transferred to the name of the buyer at the expense of the seller.*
3. *Animals under 12 months* are recorded in the calf book register and their calf book certificate will be transferred to the buyer at the seller's expense. Members of the Society can offer these animals between the ages of 1 and 3 years for screening after which a registration certificate will be issued to him.*
4. *The seller has signed and submitted the following "Seller's Certification":*
   - 4.1. *that the animals offered have been tattooed and checked and that it corresponds with the details on the registration certificate. If the buyer can prove within 7 (seven) days after the sale that the animal was not tattooed or was incorrectly tattooed, guarantee 6 will apply.*
   - 4.2. *that all screened bulls older that 365 days* offered have been examined by either a veterinarian or a registered veterinary technologist no more than 30 days before the sale and that semen was collected from such bulls and that it meets ALL requirements with regard to fertility. Scrotal circumference shall also be measured and a fertility certificate with all relevant information shall be issued to the seller. Such fertility certificate shall be kept by the seller for a minimum of 1 (one) year after date of sale and shall be made available to the buyer at any time. If the buyer can present a veterinary certificate that proves the contrary within 7 (seven) days after date of sale, guarantee 6 will apply.*
   - 4.3. *Any guarantees regarding the freezing of semen will be made by a separate agreement between the buyer and seller.*
   - 4.4. *that all bulls have tested clean of trichomoniasis and vibriosis.*
   - 4.5. *that all sires of calves not on record at the Society, as well as service sires of pregnant cows at the sale, have a DNA certificate/report on record. This also applies to semen.*
   - 4.6. *All female animals offered as pregnant, shall be certified as pregnant by a veterinarian or veterinary technologist and such certificate shall be kept by the seller for at least 1 year and shall be made available to the buyer at any time.*
   - 4.7. *Animals appearing in any of these 3 sections of the catalogue must comply with the following rules:*
     - 4.7.1. ***First part of the catalogue REGISTERED SIMBRAS.***
       1) *Open heifers may only be offered up to 30 months of age on day of sale.*
       2) *A pregnant heifer offered must calve before or at 39 months.*
       3) *A cow without a calf at foot shall be certified as pregnant and the expected calving date may not be later than 18 months since her last calving and such a cow may not have been "open" for longer than 18 months between 2 calvings.*
       4) *A CUM cow shall have had at least two calves since being screened, and if she is without a calf at foot, she should be certified as pregnant and such calving date may not be later than 18 months since her last calving AND she may also not have been "open" for longer than 18 months between two calvings.*
       5) *Egg donors must be pregnant within 18 months since last flush date or date of birth of own calf.*
       6) *Simbra bulls must have a birth weight EBV and 200-day weight at the time of the compilation of the catalogue.*
       7) *Simbra bulls must be 22 months and older on the day of the sale.*
       8) *Simbra bulls must have DNA and sire verification at the time of the compilation of the catalogue.*
       9) *A minimum of 100% of the offer of above-mentioned shall comply with the sale rules.*
     - 4.7.2. ***Second part of the catalogue CUM SIMBRA HEIFERS:***
       (4) *Breeder / seller must confirm animal's date of birth.*
       (5) *Open CUM heifers may only be offered up to 30 months of age on day of sale.*
       (6) *A pregnant CUM heifer offered must calve before or at 39 months.*
     - 4.7.3. ***Third part of the catalogue SIMBRA TYPE:***
       (3) *Simbra type of animals that do not comply with the above two sections can be sold here.*
       (4) *Animals sold under this section must be clearly marked and tattooed with the seller's herd letters, year of birth and unique number.*
   - 4.8. *If an animal that has been sold as pregnant and she is certified as not pregnant by a veterinarian within 48 hours after the sale, guarantee 6 will apply.*
5. *If an animal is sold as "open" or "not pregnant" and the animal is certified pregnant by a veterinarian within 30 days after the sale, guarantee 6 will apply.*
6. *If the necessary proof is provided to the seller within the relevant period, the seller shall, at the choice of the buyer, replace any animal as described above under 3.1, 3.2, 3.6, 4 and 5, with another animal of equal value or refund the purchase price and take possession of the sold animal again.*

** = age, day of auction.*

THE COUNCIL AND STAFF OF THE SIMMENTALER/SIMBRA CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SOUTHERN AFRICA ARE IMDEMNIFIED AGAINST ANY CLAIMS OF BUYERS THAT MAY ARISE FROM SALES ON THIS SALE. THE SIMMENTALER/SIMBRA CATTLE BREEDERS' SOCIETY ARE INDEMNIFIED AGAINST ANY DAMAGE THAT WE OR ANY THIRD-PARTY MAY SUSTAIN AS A RESULT OF UNSAFE OF DEFECTIVE PRODUCTS SUPPLIED BY THEM.

1.3. Teler se kontrolelys vir veilings / *Breeders' checklist for auctions*

		JA / *YES*	NEE / *NO*
1.3.1.	Is jou veilingsdiere binne 60 dae voor die veiling skoon getoets vir TB en BM? 'n Jaarlikse sertifikaat is aanvaarbaar. Indien nie jaarliks getoets nie moet die veilingsdiere binne 60 dae voor die veiling skoon getoets word. *Have your animals been tested clean for TB and BM within 60 days before the auction? An annual certificate is acceptable. If not tested annually, the auction animals must be tested clean within 60 days before the auction.*		
1.3.2.	Is jou diere wat aangebied word getatoeëer en gekontroleer, en dat dit ooreenstem met dié van die sertifikate en katalogus? *Are your animals presented tattooed and checked, and that they match those of the certificates and catalogue?*		
1.3.3.	Is alle bulle, nie langer as 30 dae voor die veiling deur 'n veearts of 'n geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as vrugbaar gesertifiseer? *Are all the bulls certified as fertile by a veterinarian or a registered veterinary technician, no longer than 30 days before the auction?*		
1.3.4.	Is alle bulle skoon getoets vir Trichomoniase en Vibriose? *Have all bulls been tested clean for Trichomoniases and Vibrioses?*		
1.3.5.	Is die diere wat dragtig aangebied word, deur 'n veearts of geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as dragtig gesertifiseer? *Are the animals presented to be pregnant certified by a veterinarian or registered veterinary technologist?*		
1.3.6.	Is jou oop verse wat aangebied word jonger as 30 maande? *Are your open heifers offered less than 30 months old?*		
1.3.7.	Sal jou dragtige verse wat aangebied word voor of op 39 maande kalf? *Will your pregnant heifers on offer calf before or on 39 months?*		
1.3.8.	Het jou bulle 'n geboortegewig teelwaarde en 200 dae gewigsmeeting, ten tye van die samestelling van die katalogus? *Does your bull have a birth weight EBV and 200 days weight measurement, at the time of composition of the catalogue?*		
1.3.9.	Het jou bulle DNA met Vaderskapbevestiging op rekord? *Has your bull DNA and Sire Verification on record?*		
1.3.10.	Is jou bulle gekeur? *Have your bulls been inspected?*		
1.3.11.	Is jou Simbra bulle gebrand met die amptelike brandmerk? *Have your Simbra bulls been burned with the official brand?*		
1.3.12.	Vooraf inspeksie van veilingsbeeste is gereël met _____ (beskermheer se naam) vir inspeksie binne 30 dae van die veiling. *Pre-inspection of auction cattle was arranged with _____ (guardian's name) for inspection within 30 days of the auction.*		

1.4. Algemeen / *General*

1.4.1. Geen oordragte mag plaasvind indien die teler se rekening nie ten volle by die Genootskap vereffen is nie – Raadsvergadering 25 November 2014.
No transfers may occur if the breeder's account has not been fully paid to the Society - Council meeting 25 November 2014.

1.4.2. Resultate van veilings mag beskikbaar gestel word met goedkeuring en/of toestemming van die teler – Raadsvergadering 25 Junie 2015.
Results of auctions may be made available with approval and / or consent of the breeder - Council meeting 25 June 2015.